Transvaalse Voortrekkers

OOSTELIKE PENKOP- EN DRAWWERTJIEKAMP

Kom kamp saam by OPD op die Voortrekkerplaas, Hartbeesfontein.

OOSTELIKE PENKOP
en DRAWWERTJIEKAMP

Saterdag 10 Julie 2021
(08:00 – 10:00 registrasie) tot
Donderdag 15 Julie 2021 om 12:00

(Sluitingsdatum: 17 Junie 2021)

TEMA: OP KOERS

Geagte Voortrekker

Jy word hartlik uitgenooi na die **32ste** Oostelike Penkop/Drawwertjiekamp: die 7de te Voortrekkerplaas, Hartbeesfontein.

Die kamp begin op Saterdag **10 Julie** 2021 (08:00 – 10:00 registrasie) tot Donderdag **15 Julie** 2021 om 12:00.

Spesialisasies word aangebied vir Voortrekkers vanaf Graad 1 tot en met Graad 7.
Geen spesialisasie mag vooruit gedoen word nie.

***LET WEL**: Voorskoolse kinders en Graad 1 en 2 **moet** asseblief vergesel word deur hulle ouers as hulle gaan kamp.*

Slegs Verkenners van offisiere of ouers wat kamp word toegelaat. Verkenners sal tydens die kamp verpligte aktiwiteite moet bywoon.

SPESIALISASIES:

Graad 1:	**Spele:**	Kinders van volwassenes wat kamp. *Slaap saam met kursusgroep in lokaal.*
Graad 2:	**Knope** :	Kinders van volwassenes wat kamp. *Slaap saam met kursusgroep in lokaal.*
Graad 3:	**Toeka**:	Verkieslik vergesel deur spanoffisier. SLEGS PLEK VIR **12**
Graad 4:	**Anglo Boereoorlog:**	SLEGS PLEK VIR **10**
Graad 5:	**Kampeerder** :	Bring eie tente, slaap apart van kamp. Kapasiteit van die tente word gehalveer; bv. slegs 1 kind vir ‘n 2-man tent, 2 kinders in ‘n 4-man tent. SLEGS PLEK VIR **20**
Graad 6:	**Ruiterkuns**:	Kinders wat hoogtevrees het moet verkieslik nie inskryf nie. SLEGS PLEK VIR **85**
Graad 6 en 7:	**Staptogte:**	SLEGS PLEK VIR **10**
	Sterrekunde:	SLEGS PLEK VIR **30**
Graad 7:	**Afrikanerkind**:	SLEGS PLEK VIR **10**

Elke groep van 6 Voortrekkers of deel daarvan (insluitend voorskoolse kinders) moet vergesel word deur minstens een diensdoenende volwasse persoon. Kommando’s met meer as 15 kinders moet ‘n ekstra volwassene stuur om diens te doen in die kombuis.

PENKOPPE EN DRAWWERTJIES

Geen kind mag ‘n spesialisasie bo hulle skoolgraad doen nie, tensy die kind sy skoolgraad gedruip het.

Elke kind moet asseblief ‘n pakkie koekies met vulsel en twee rolle toiletpapier saambring wat ingehandig word tydens registrasie.

Slegs Sterrekunde mag selfone bring. Indien ‘n kind van ‘n ander kursus ‘n selfoon saambring, sal dit ingehandig word met registrasie en weer uitgedeel word aan die einde van die kamp. Die kampbestuur aanvaar **GEEN** verantwoordelikheid vir selfone of waardevolle items wat wegraak of beskadig word nie.

Daar sal ‘n snoepie op die kamp wees. R30 per dag is voldoende. Bring in ‘n gemerkte sakkie.

MEDIKASIE

Alle medikasie MOET in die oorspronklike houer in ‘n gemerkte roomysbak verpak word. Vergesel van die dokter se voorskrif ingevolge regulasies.

VOLWASSENES *(offisiere, heemraadslede en ouers)*

Alle volwassenes moet bereid wees om in enige van die afdelings op die kamp diens te doen en nie net saamloop met die kursus nie. Volwassenes moet aktief help met die aanbiedings, toepassing van dissipline, diensbeurte soos wagstaan, badkamerdiens, ens.
Kursusleiers sal u vooraf kontak met take binne kursusverband.

Sang tydens kamp

Offisiere, Volwassenes en Verkenners wat kitaar, klawerbord of ander instrumente kan speel – bring asb saam. Ons wil lekker saamsing.

VERKENNERS

Slegs Verkenners van offisiere of ouers wat kamp word toegelaat. Verkenners sal tydens die kamp verpligte aktiwiteite moet bywoon. Die eerste twee dae help met Ruiterkuns.

HUISVESTING

Graad 0 – 3 Penkoppe en Drawwertjies slaap in slaaplokale en NIE IN TENTE NIE.
Offisiere word gehuisves in slaaplokale indien daar genoeg plek is.

Verkenners slaap in eie tente of saam met ouers in tente en nie in slaaplokale nie.
U is welkom om met u karavaan of tent te kom kampeer.

Graad 5 kamp in tente apart van die res van die kamp en kan dus nie tente deel met ander kursusgroepe nie.

LET WEL: Graad 4, 6 en 7 slaap in eie tente. Eie tent of tent wat gedeel word, moet maksimum 50% kapasiteit handhaaf, m.a.w. ’n 6-slaper mag nie meer as 3 slaap nie.

COVID-19 REGULASIES

OPD kampraad onderneem om die Covid-19 maatreëls tydens die kamp toe te pas. Streng higiëne in die badkamers en met eetgerei.

Kinders of volwassenes met onderliggende toestande wat hulle 'n hoër risiko maak vir Covid-19 sal nie toegelaat word om te kamp sonder 'n spesiale sertifikaat van 'n mediese dokter nie.

VERVOER

Ons wys u daarop dat ons **GEEN** vervoer verskaf nie. Elke kommando sorg vir sy eie vervoer na en van die kampterrein. Kommando`s wat van busvervoer gebruik maak moet sorg vir toesig op die bus.

KAMPGELDE

Penkoppe en Drawwertjies se kampgelde beloop:	R 690.00
(**Ruiterkuns R800.00 ongeag hoeveelste kind in die gesin)**	
Kleuters	R 500.00
Diensdoenende offisiere	R 590.00
Verkenners (slegs van volwassenes wat kamp)	R 690.00

Indien daar meer as een kind van 'n gesin vir **Graad 1 tot 7** inskryf vir OPD betaal die **2de kind R650.00 en die 3de kind R620**. Volwassenes van een gesin werk op dieselfde skaal.

Indien kontant inbetaal word, word R70.00 bygevoeg vir bankkoste.

Sluitingsdatum 17 Junie 2021

Geen kansellasies van offisiere **EN** jeuglede kan na **17 Junie** aanvaar word nie.

Geen kampgelde word terugbetaal nie. 'n Plaasvervanger mag wel inskryf.

Offisiere wat eie akkommodasie verskaf, moet reeds voor die aanvang van die kamp ingerig wees.

Kinders wat verkoue simptome het, moet asseblief kanselleer voor die kamp begin. Indien 'n kind tydens die kamp koors en verkoue simptome het, sal ouers onmiddellik gekontak word. Verblyfgelde sal terugbetaal word.

OPD T-Hemde

T-Hemde sal teen R120.00 (kinder-groottes) en R130.00 (volwasse-groottes) per T-hemp beskikbaar wees.

Die bestelling moet saam met die inskrywing ingestuur word.

Geen laat bestellings word aanvaar nie.

Neem mate soos volg: Meet deur die hempie op 'n plat oppervlak te lê en dan onder die mou na die ander mou te meet. Maak seker van die korrekte grootte T-hemp.

Alle oorspronklike inskrywingsvorms moet ASSEBLIEF by die kamp tydens registrasie ingehandig word. Dit is belangrik en sodoende spaar ons papier.

VERDERE INLIGTING:

Mellanie Wright	Kampleier 084 767 4608
E-pos	opdkamp@gmail.com / hoedspruitvoortrekkers@webmail.co.za
Elbie Janse van Vuuren	Kampsekretaresse 0646537253
E-pos	opdkamp@gmail.com

SIEN JOU DAAR!

OPD-groete

Mellanie Wright
Kampleier
084 767 4608

Die Voortrekkers

Oostelike Penkop en Drawwertjiekamp